

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 8, NO 9 SEPTEMBER 2002

REDAKSIONEEL

## Bêre die inkleurkryte!

Die roeping van die christen is om elke millimeter en sekonde van sy bestaan welbewus onder die heerskappy van God te stel. Dr Abraham Kuyper het dit baie jare gelede suiwer verwoord: daar is geen duimbreedte van die lewe – of dit behoort aan die Here. Dié uitspraak is eintlik niks anders as 'n vrye weergawe van Psalm 24 nie. Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon. Dit is 'n feit, 'n gegewe. Dit is vir die mens om dié gegewe gelowig te aanvaar en eerbiedig ooreenkomstig daarmee te werk.

In die uitleef van die roeping van die christen word daar meermale gesê: ons moet die lewe volgens die Woord van die Here inkleur. In alles wat ons dink en sê en doen moet ons ons christen-keur onbeskaamd wys.

### 'n Ingekleurde lewe

Dat die christelike inkleur van die lewe meer as net 'n mooi gedagte en treffende beeldspraak is, staan bo alle twyfel vas. So is daar ongeveer veertig jaar gelede 'n begin gemaak met die Gereformeerde Stigting. Die Stigting het as doel die versorging van bejaardes ooreenkomstig die wil van God. Die doel word uitdruklik in die grondwet van die Stigting verwoord. Die basis waar vanaf geopereer word, is die Woord van die Here, soos ons dit bely in die drie formuliere van eenheid. En ook al het die naam van die Stigting met verloop van tyd verander na Residentia, het die fondament waarop gebou word, dieselfde gebly.

Net so is daar 'n begin gemaak aan gereformeerde onderwys. Dit is onderwys wat in aansluiting by die doopbelofte gerig is op die opvoeding van die

verbondskind in die vrees van die HERE. Die inhoud van die onderwysprogram, die manier waarop die onderrig geskied, die visie op die kind, die verhouding tussen kind en onderwyser, die betrokkenheid van die verbondsoer – alles word ingerig volgens die wil van God, soos ons dit in sy onfeilbare Woord vind.

Enkele jare gelede het 'n aantal gelowige mediese dokters begin saamstaan en die Stigting vir Etiese Medisyne tot stand gebring. Die doel van die Stigting is duidelik. Waar dokters in hulle daaglikse werk aan soveel goddeloosheid blootgestel word, is dit van wesenlike belang dat die praktyk van die arts ooreenkomstig Gods Woord reg 'ingekleur' word. Seminare en werksinkels moet gehou word om die wil van die Here met betrekking tot mediese versorging deeglik na te vors. En dit gebeur. Die Joernaal vir Etiese Medisyne is die sigbare bewys.

### Die prent verander

Nieteenstaande alle kosbare werk wat in geloof gedoen word, neem die vergoddelosing van die samelewing toe. Die duivel breek af waar die christen in Godsvrees opbou. Kragtens die nuwe grondwet word die Suid-Afrikaanse samelewing welbewus ingelei in die atmosfeer van die kultuur van menseregte. Op alle vlakke van die samelewing moet die wet van menseregte deurgevoer en tot in die fynste besonderhede geïmplementeer word. Die gees van menseregte staan lynreg teenoor Psalm 24. Geen duimbreedte van die lewe – of dit behoort aan die mens!

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 **Redaksioneel**  
*Bêre die inkleurkryte!*
- 2 **Skrifoordenking**  
*Dit is volbring!*  
Ds GJ Meijer
- 4 **Aktueel**  
*En julle sal my getuies wees. . .*  
Ds ALA Buys
- 5 **Die wraakpsalms (2)**  
Dr AH Bogaards
- 7 **Fokus**  
*Stygende rente*  
Dr CW Opperman
- 8 **Op die kerkerf**  
*Skriifbeskouingskrisis*  
Ds HLJ Momberg
- 11 **Mediese etiek**  
*'n Weg tot die lewe*  
Prof JM Boon
- 12 **Redaksie**  
*Vorentoe*
- 12 **'n Rand per week vir die biblioteek**

## Algemene Ledevergadering

Datum: Saterdag 12 Oktober 2002  
Tyd: 10:00 tot 13:00  
Plek: Die Gereformeerde Kerk die Kandelaar  
Onderwerp: Skrifgesag en Reformasie - die posisie van die vrou in die kerk  
Voorskou op die Nasionale Sinode 2003  
Kontakpersoon: dr Anton van den Bout, tel. 072 488 6557

**VERENIGING VIR  
GEREFORMEERDE  
LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*

Dr AH van den Bout  
Tel 012 332 2988  
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*

Ds ALA Buys  
A Juyn  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*

Ds GJ Meijer  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 546 4915  
e-pos:  
gjmeijer@freemail.absa.co.za

*Medewerkers:*

Dr AH Bogaards  
Prof JM Boon  
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*

Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 335 9134  
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*

Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*

R100 per jaar

*Taalkundige versorging:*

Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
e-pos: printbur@mweb.co.za

Die sweepslag hiervan word oral ervaar. Skole, ook gereformeerde skole, worstel met die mense-regte-aangedrewe kurrikulum wat deur die minister van onderwys afgeforseer word. Bejaardetehuse, ook gereformeerde bejaardetehuse, moet voldoen aan die eise wat die regering stel – anders is hulle hulle subsidie kwyt. Dokters, ook Godvresende dokters, word dag in en dag uit gekonfronteer met 'n stortvloed van onetiese eise wat in die uitoefening van hulle roeping aan hulle gestel word. En dan praat 'n mens nog nie van gereformeerde regspraak, gereformeerde maatskaplike werkers, gereformeerde ekonome, gereformeerde politici, gereformeerde fabrieksarbeiders en dies meer nie. Sovele Godvresende mans en vrouens moet hulle dagtaak in 'n samelewing, wat met God en sy gebod niks te doen wil hê nie, verrig.

### En nou?

Wat staan ons te doen in die gehoorsame bediening van die amp van gelowige? Reeds bestaande Gereformeerde organisasies, wat al vir etlike jare besig is om die lewe ooreenkomstig Gods Woord in te kleur, beleef daagliks nuwe dilemmas. Die

owerhede gryp deur middel van wetgewing in, en verander die prent sodanig dat die inkleurwerk aansienlik bemoeilik word. Die werklikheid is dat jy 'n prent van die duiwel (by wyse van spreke) met die mooiste kleure kan optooi – dit is en bly 'n duiwelse prent; die inkleurwerk verander dit nie in 'n engel nie.

Die eis wat van Godsweë gestel word, word derhalwe al meer omvattend. Inkleurkryte sal op 'n stadium eenkant geskuif moet word. Die roeping is om terug te keer na die tekenbord toe. Menseregte-prente sal moet teengestaan word met prente van ware Godsvrees. Skoolleerplanne op die basis van die Skrif, bejaardersorg volgens die eis van Gods Woord, mediese etiek ooreenkomstig die wil van die Here is in baie opsigte onversoenbaar met die rigting waarin die wetgewende owerhede beweeg. Dit moet duidelik gesê word. Nie om rewolusionêr te wees nie. Juis nie. Wel om daarmee te wys dat ons die Here bo alles liefhet.

Daarby sal die georganiseerde gereformeerde lewe uitgebrei moet word. Gelowige vakkundiges sal moet saamkom om te besin oor die eis wat God aan hulle dagtaak stel. Inderdaad: die tekenbord roep!

## SKRIFOORDENKING

# DIT IS VOLBRING!

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Skriflesing: Hebreërs 10:1-18

Toe die Here Jesus aan die kruis gehang het, het Hy sewe kruiswoorde uitgespreek. Sy eerste woord het betrekking op die mense wat Hom onskuldig aan die kruishout vasgespyker het. Hy bid vir hulle: 'Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie'. Die tweede kruiswoord het Hy aan sy moeder Maria gerig. Hy sê vir haar: 'Vrou, daar is jou seun'. Vir sy neef en dissipel Johannes beduie Hy: 'daar is jou moeder'. Daarmee het Jesus die liggaamlike sowel as geestelike versorging van sy moeder aan Johannes toevertrou. Die derde kruiswoord was aan die adres van een van die misdadigers wat saam met Christus gekruisig is. Hy belowe vir daardie man wat so ingrypend tot bekering gekom het: 'Vandag sal jy saam met My in die paradys wees'. Christus sluit die hemel vir hom oop.

Die vierde kruiswoord het Christus weereens tot sy Vader in die hemel gerig. Na drie ure van Godverlatenheid in die hel het Christus gevra: 'My God, My God, waarom het U my verlaat?' Hierdie woorde het Christus as ons Borg en Verlosser gespreek. Hy was verlate in die hel sodat ons nooit meer sonder God sal wees nie. Die vyfde kruiswoord het Christus ná die draai-

punt van helse verlatenheid uitgespreek: 'Ek het dors'. Met dié woord kyk Christus terug op die ampswerk wat Hy reeds gedoen het. Hy kyk ook vorentoe na die ampswerk wat Hy nog moet doen. En dan volg die sesde kruiswoord, wat direk by die vyfde een aansluit: 'Dit is volbring!'.

### Die aanloop

'Dit is volbring': drie woorde in Afrikaans, net een woord in die Grieks. 'Dit is volbring', ons kan dit ook vertaal met: die taak is voltooi, die opdrag is uitgevoer, aan al die eise is voldoen, die doel is bereik. Onmiddellik rys die vraag: wat is volbring, watter opdrag moes uitgevoer word, aan watter eise moes voldoen word, wat is die doel wat bereik moes word? Wat lê alles agter en onder en binne-in hierdie een enkele kruiswoord? Wat is die aanloop daartoe?

Die Hebreërbrief gee antwoorde op die meeste van hierdie vrae. Hebreërs laat ons die verband tussen die ou en nuwe testament, die ou en die nuwe verbond sien. Ons lees in Hebreërs 10 dat die wet van die Ou Testament 'n skaduwee is wat nie tot volmaaktheid kan lei nie. Ons lees

van die *bloed* van stiere en bokke wat onmoontlik nie die sonde kan wegneem nie. Ons lees van *brandoffers* en *slagoffers*, offers wat God van sy volk Israel verwag het, maar wat Hom tog nie behaag het nie. Ons lees ook van Jesus Christus wat kom om die wil van God te doen. Ons lees van die offer wat Hy gebring het. Hy het sy liggaam geoffer: net een maal. En dan lees ons ook dat Hy met sy eenmalige offer die eerste (die ou) testament met al sy offers en wette wegneem om die tweede (die nuwe) testament daarvoor in die plek te stel.

Ons kom terug by die vraag: wat is die aanloop tot die woord 'dit is volbring'? Die hele Ou Testament is die aanloop. Dit beteken in die eerste plek: die hele *geskiedenis* van die Ou Testament bereik met Christus se kruisdood 'n punt van voltooiing. Ons ken daardie geskiedenis. Dit begin met die skepping, hoe God van meet af aan alles goed gemaak het. Dan volg die sondeval, die allesomvattende breuk. En onmiddellik die belofte van herstel; God maak nuut wat die mens breek. Ons volg die lyn van God se beloftes, hoe dit telkens herhaal word - die verbond met Noag, met Abraham, met die volk Israel. Alles wat gedurende die Ou Testament gebeur wys heen en moet uitloop op hierdie oomblik in die geskiedenis. Christus moet kom om die gebeure van die Ou Testament vol te maak. Hy moet aan die kruis officieel verklaar 'dit is volbring': hierdie stuk geskiedenis van die Ou Testament het sy doel bereik, die verwerkliking van God se ewige Raadsplan verder.

'Dit is volbring': dit geld ook die wet van die Ou Testament. God se wet spel die lyn tussen lewe en dood uit. Wie by die wet bly, wie God eer, leef! Wie nie by die wet bly nie, wie God nie in alles eer nie, sterf. God se eis in hierdie verband is regverdig, maar tegelyk onverbiddelik vernietigend. Want wie kan ten volle by die wet van God leef? Ons bely nie verniet dat ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is nie. Dit beteken dat ons almal regtens die ewige dood moet sterf. Maar wat doen Christus aan die kruis? Hy verklaar 'die wet is volbring'. Aan die regverdige eis wat God in sy wet stel, is 100% voldoen. Die perfekte gehoorsaamheid wat God van sy kinders vra, is gegee. So word die vernietigende vloek van die wet uitgehaal vir diegene wat in Jesus Christus glo.

'Dit is volbring': dit geld die *offers* van die Ou Testament. Daar is *brandoffers*, *skuldoffers*, *sondooffers*, *beweeoffers*, *spyooffers*, *looffers*, *vrede-offers*, *wierook-offers* en nog vele meer. Die offers is gebring om skuld te delg, om dankbaarheid te bewys, om fees te vier, om die HERE te behaag. Tog kon die diere-offers nooit werklik skuld delg nie, nooit vir die mens se sonde betaal nie, nooit die eer van God herstel soos wat dit moet nie. Aan die kruis verklaar Christus: 'die offers is volbring'. My offer is die groot brandoffer én skuldoffer én vrede-offer én loffer. Met My offer vervul Ek alle offers van die Ou Testamentiese bedeling. Ek lui 'n nuwe bedeling in waarin God se kinders regverdig, sonder skuld voor Hom kan verskyn.

'Dit is volbring': dit geld die *profesieë* van die Ou Testament. Talle profete het gedurende die Ou Testament geprofeteer van God se oordeel en sy genade. Hulle profesieë getuig van God se liefdevolle reg, en tegelyk van God se regverdige liefde. Hulle profeteer oor die toekoms van Israel, maar ook oor die toekoms van die verskillende heidenvolke. Op Golgota verklaar Christus: 'die profesieë van die Ou Testament is volbring'. Die ewige rus en vrede waarvan die profete profeteer het nou regtens gekom. Met My kruisdood het Ek dit verwerf. Maar die ewige onrus en onvrede in die hel waarvan die profete

profeteer: dit kom ook vir almal wat My nie glo nie en My kruisdood nie dankbaar beleef nie.

'Dit is volbring' sluit *alles* van die Ou Testamentiese bedeling in: die wet, die profete, die geskiedenis, die Psalms, die offers, die seremonies, alles. Geen oomblik in die wêreldgeskiedenis is so groot soos hierdie oomblik nie. Geen woord is so swaar gelaai soos hierdie een enkele kruiswoord nie. In een woord word uiteengesit hoe die ewige raad van God se liefde en reg besig is om te ontvou.

## Die effek

In die taalkunde leer ons dat werkwoorde verskillende tyds-vorme kan hê. Verlede tyd beteken: iets het gebeur, dit is verby. Die woord wat ons Here Jesus Christus aan die kruis gebruik, staan in die *voltooid* verlede tyd. Dit beteken twee dinge: iets het gebeur, dit staan vas; en dit het nog steeds waarde vir vandag en vir die toekoms. In hierdie tweevoudige betekenis moet ons die sesde kruiswoord van ons Verlosser glo, so moet ons dit beleef.

Die ryke inhoud van 'dit is volbring' moet onvoorwaardelik en dankbaar aanvaar word. Ons hoef niks aan Christus se volbragte werk toe te voeg nie. Ons hoef nie te tob oor die volmaakte betaling van ons verskriklike skuldvas voor God nie. Ons hoor die verlossende woord: jou sondes *is* vergewe. Aan die nagmaalstafel word dit duidelik sigbaar verkondig: eet brood en drink uit die beker, gedenk en glo dat die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus gebreek en vergiet is tot 'n *volkome* versoening van al ons sondes. *Volkome* versoening: die versoening is volbring - voltooid verlede tyd.

Aan hierdie volkome versoening mag ons nie twyfel nie. Ons moenie in 'n tyd van siekte of roumart of ernstige verlies of beproewing praat van God wat sy kind straf nie. Ons moet ook nooit iets doen met die gedagte dat jy besig is om vir jou sondeskuld te betaal nie. So mag ons ook nie met ons naaste omgaan nie. As God die skuld afgeskryf het, is dit afgeskryf. Dit is nie die mens se taak om kort-kort in die verlede te delf om jouself of ander mense aan hulle skuld te herinner nie.

Dit is ook nie ons taak om twyfel te saai met vroe soos: 'is jy seker dat jy kind van God is', 'is jy seker dat jou naam in die boek van die ewige lewe staan', 'is jy oortuig dat jou sondeskuld betaal is' nie? Ons sou begin torring aan die ryke evangelie van die sesde kruiswoord. As Christus verklaar 'dit is volbring', dan is dit mos volbring!

Ons moet wel heelhartig, voluit en blymoedig uit daardie wete positief leef. Hoe? Deur daarvoor te praat. Ons Verlosser het dit Self die eerste keer hardop verkondig dat alles wat gegee moes word volbring is. Sy kerk moet sy verkondiging verder dra. Vanaf die kansel moet die versoening deur middel van Woordverkondiging bedien word. Gelowiges moet die kerkgebou verlaat met die sekere, verlossende evangelie in die hart: ek is kind van God, my skuld is afgeskryf! Christus het dit vir my ook volbring! Tydens huisbesoek moet dieselfde boodskap verkondig word, ook in ons gesprekke onder mekaar - veral as iemand in 'n krisis verkeer en alles om jou begin wankel. Dan moet ons vir mekaar kan sê: alles is volbring; die nood van vandag is geen betaling van skuld nie, dit is hoogstens die laaste gevolge van ons gebroke bestaan. Verkondig die sesde kruiswoord: dit allereers.

En vier dit! Vier dit elke Sondag deur saam te kom in die erediens. Die erediensfees is 'n fees wat wentel om Christus



se verlossende werk. Vier dit wanneer die nagmaalstafel gedek is. Vier dit wanneer die gesin saam huisgodsdienste doen. 'Dit is volbring' moet 'n feesstemming by ons teweegbring. Want eers dan kan ons dit na regte beleef.

Satan en sy duiwelse trawante saai sonder ophou twyfel in die gemoed. Hulle is daarop uit om jou te vervreem van God se vaste belofte. Hulle verlei jou tot sonde en laat jou dan wonder: het ek regtig deel aan Christus? Ek doen dan so baie dinge verkeerd. Ek val kort-kort terug en in dieselfde slaggt in. Bid tot die Here dat Hy ons deur Sy Heilige Gees sal aanhou oortuig van sy onwrikbare Woord. Bid dat die versoekende Satan se mond gesnoer mag word. Stry die goeie stryd met die wete dat die groot stryd reeds gestry en oorwin

is. Leef by die vervulde Ou Testament. Leef by die wet uit dankbaarheid. Gee jouself as lewende offer tot eer van God. Lees die Psalms en die profesieë en word vertroos met die oog op alles wat u te doen staan in hierdie deurmekaar wêreld. Besef in dit alles: Christus het alles ter wille van ons volbring. Ons is Syne, sy duurgekoopte eiendom. Ons leef onder sy beskerming en sorg. Ons sien uit na die dag van algehele voltooiing - die dag van die wederkoms wanneer daar 'n punt gesit sal word agter die krisis en vraagstukke en twyfels waarmee ons nou nog worstel.

'Dit is volbring': ja, Here, ons glo dit van harte. Ons dank U dat ons dit so heerlik en helder uit u Woord mag hoor. En dat ons ons hele bestaan vanuit dié vaste wete mag inrig.

## AKTUEEL

# *En julle sàl my getuies wees...*

Ds ALA Buys, Pieterburg-Noord

**'En julle sal my getuies wees...' (Handelinge 1:8) is die laaste woorde van die profeet Jesus Christus voor sy hemelvaart. Hy profeteer hier oor die kerk. Sy ware kerk. Die dissipels wat die eerste hoorders van hierdie profesie was het hierdie woorde gehoor maar nie dadelik daarna geluister nie.**

## Hoor of luister

Ons profeet verkondig aan ons die waarheid van God, ook oor wat met die kerk gaan gebeur. Dit het weer tyd geword dat die Gereformeerde Kerke hulleself verantwoord oor hierdie profesie. Het ons gehoor en geluister? Om te hoor is om die klank te vang, om te luister is om op te tree soos wat ons gehoor het.

'n Profesie van Jesus Christus aangaande die optrede van die kerk moet tog onderskei word van 'n opdrag van God aan die kerk. In die laaste getuienis van Mattheus oor die tyd net voor die hemelvaart word aan ons 'n opdrag van God deurgegee: Gaan dan heen en maak dissipels...' (Mattheus 28:16-20). In Handelinge spreek Christus 'n waarheid uit aangaande die optrede van sy kerk. Hierdie kerk sàl van Hom getuig met kragwoorde wat hulle van die Heilige Gees ontvang.

## Mondstuk

Dit is opmerklik dat die werk van die Heilige Gees in beide beskrywings genoem word. Iemand wat met die Heilige Gees gedoop is, sàl Jesus Christus se getuie wees. Die kerk sàl die mondstuk van Christus wees. Sy profetiese amp sàl in hulle optrede voltrek word. Wat 'n heerlike en vervullende waarheid. Christus profeteer deur my. (Die kerk se getuienis vanweë die Heilige Gees wat oor die kerk kom, is die profesie van Jesus Christus).

Dit is 'n onomkeerbare en onstuitbare profesie. Dit sàl so wees. Jesus het geen valse profesie ooit op sy lippe geneem nie. Geen enkele een van sy profesieë sal onvervuld bly nie. Die ware Profeet se ware profesie sal uitkom.

Die vraag is net: sal sy profesie in ons lewens vervul word? Die Gereformeerde Kerke beroem hulle daarop om die ware kerk van God te wees. Ons kyk gedurig daarna of die kenmerke van die ware kerk by ons voorkom. Laat die wat ore het om te

hoor ook nou luister: Wie aan Christus behoort, wie deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is (HK Sondag 7), wie met die Heilige Gees gedoop is, sàl Jesus Christus se getuie wees. Dit is 'n koninkrykswet. Dit is 'n Goddelike kommunikasiereël. Dit is 'n profesie wat bewaarheid sal word.

## Deel ons die profesie?

Het die Gereformeerde Kerke deel aan hierdie profesie? As ons bely dat ons Jesus Christus as Saligmaker in ware geloof aangeneem het, waar is ons getuienis dan? 'n Ware-getuienis-kerk krimp nie. 'n Ware-getuienis-kerk se getalle behoort nie te daal nie. Waarom nie? Omdat Jesus Christus self besig is om sy kerk te versamel (HK Sondag 21) deur sy eie profesie by monde van sy eie kerk.

Maar is dit waarmee ons monde besig is? Of is ons besig om net te eet? Laat die ontleedmes hier maar pynlik diep tweesydig sny:

- In Esegieël 34 word die herders van Israel ernstig vermaan – hulle verryk hulleself en heers met strengheid en hardheid, terwyl die skape verstrooid geraak het. Is ons predikante nog bekommerd oor die profetiese getuienisgetalle in die kerk van Christus of kry die jaarlikse begrotingsvergadering voorkeur?
- En die gemeente? Het dit nie tyd geword om te vra: wat doen julle nou met die Woord wat so keurig en getrou aan julle verkondig word? Hoeveel Gereformeerde Kerke het geestelik dik geword op hulle eie afsaksel, soos die profeet sê. Hoeveel lidmate het met die Woord geestelik vetgevoer geraak, maar lewer soos slagbeeste geen kragtige getuienis oor die profetiese uitwerking van daardie Woord in ons lewens nie? Het ons lekkerbakkige peuselaars aan die Woord van God geword? Het ons gehoor maar nie geluister nie? Dink ons sy profesie sal ons oorslaan?

## Ware kerk

Laat ons dit - om alle misverstand hieroor te vermy - dan nou maar prontuit sê. 'n Kerk mag hom nie daarop beroem om die ware kerk van God te wees, sonder dat die profesie van Christus aangaande die kragtige getuiewerk deur die Heilige Gees nie sigbaar vergestalt in ons lewens nie.

*Gereformeerde kerke van Suid-Afrika: Is ons nog die ware kerk van die ware profeet, Jesus Christus?*

En moet dit nie net tot 'n saligmakingskwessie verskraal nie. As ek dan aan Jesus Christus behoort, as ek Hom dan as my Verlosser in die geloof omhels, as ek dan my eie uitverkiesing vasmaak, waar is dan die getuienis aan ander wat hoort by daardie geloof, wat hoort by die profesie? Geloof sonder getuiewerk is sonder meer dood. 'n Kerk wat die profesie van Christus minag deur dit formeel aan te hoor, maar nie te gehoorsaam nie, moet ernstig besin of hy nog die ere naam 'ware kerk' verdien.

Ons het dikwels die mond vol oor sektes se getuienisse. En ten regte, want die meeste sektariërs bepreek ander mense met hulle eie intiem persoonlike bekeringsmomente. Maar Christus se profesie bewerk iets anders. Die kerk mag nie oor homself getuig nie. Christus sê: Julle sal MY getuies wees.

Is die Gereformeerde Kerke getuies van en oor Jesus Christus deurdat die Heilige Gees oor ons gekom het? Daar moet onthou word dat ons bely dat die Koning Jesus Christus nooit sonder onderdane wil, kan of sal wees nie. Daar sál oor Hom getuig word. Die vraag is - en dit is bykans te swaar om uit te spreek so verskriklik is dit - die vraag is: Is die Heilige Gees besig om by die Gereformeerde Kerke verby te gaan, omdat ons so getrou hoor maar so ongetrou luister?

## Oproep van vervolging

In Handeling 8 het die kerk aanvanklik ook gesit en nie die profesie gehoorsaam nie. Maar Jesus Christus het sy profesie steeds bewaarheid. Hulle sál sy getuies wees, al moet Hy 'n kerkvervolging oor hulle uitroep (Handeling 8:1 vv). Moet ons in Suid-Afrika ook eers vervolgd word voordat ons tonge losmaak en bevry word van ons geestelike stomstreke? Is dit wat ons wil hê? Is dit nie wat ons moet begin bid sodat Christus se profesie in sy ware kerk vervul kan word nie? Het die Here nie al dikwels gesê dat Hy iets sal doen wat elke oor sal laat tuit by die aanhoor daarvan nie?

Gereformeerdes word wakker, tuit julle ore dan nog nie? As ons regtig aan Christus behoort, sál ons sy getuies wees. Kan ons nie verstaan dat ons stilstuipe ons eie vervolging in hierdie land oproep nie? Hoor hoe die donder aanrol. Sien tog hoe die swaard blink geslyp word. Gaan ons begin praat? Gaan ons begin getuig? Gaan ons die vervulling van die Gees begin soek? Of moet die hand van die wreedaard eers die selfopgelegde muilband van ons goedgevoerde monde afruk, sodat ons sal begin getuig van Jesus Christus en sy profesie oor ons?

'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judëa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.'

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees van Christus profeteer oor die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

Luister jy?

Of het jy maar net iets gehoor wat raserig klink?

# DIE WRAAKPSALMS (2)

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

**In die vorige artikel het dit gegaan oor verset teen die Wraakpsalms – in die Nuwe Beryming en ander geskrifte.**

**Hierdie verset het sy oorsaak onder andere in onkunde. Mense - teoloë sowel as lidmate - begryp dikwels min of niks van hierdie Verbondsliedere. Daarom is dit noodsaaklik om aan die hand van Skrif en belydenis in 'n paar punte te laat sien waarom dit in hierdie Psalms gaan.**

## Wie en hoekom ons moet haat

Die Wraakpsalms leer ons wé ons moet haat: God se vyande. Dit gaan in die Wraakpsalms nie om haat teen ons persoonlike vyande nie. Dit gaan om "u teëstanders", die "wat vir U haat" en "die wat teen U opstaan" (Psalm 139:21).

Die Wraakpsalms leer ons verder hóekom ons God se vyande moet haat. Dit is omdat hulle God, wat ons so oneindig lief het, haat en teen Hom in opstand kom (Ps.139:21), omdat hulle sy eer te na kom.

Die anti-Wraakpsalm-teologie is humanisties. Dit gaan net om liefde vir die mens, maar waar bly die liefde vir God en die liefde vir die eer van sy Naam?

Holwerda skryf in die verband: Dit is 'n vraag of die mense van-die liefde God nog werklik lief het. Wie die HERE waaragtig liefhet, sal ten slotte alles haat wat God haat.

Wanneer Psalm 137 bid om die HERE se wraak teen Edom en

Babel, word die digter daartoe geïnspireer deur dit wat dié volke Jerusalem, die volk van God, aangedoen het. Die woorde van verse 7 tot 9 kan nie losgemaak word van vers 5 nie: "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet". Dit is 'n wraakgebed uit liefde vir Sion en gedra deur dit wat die vyand God se duurgekoopte eiendom, sy oogappel, aangedoen het. Wie hom aan God se volk vergryp, vergryp hom aan God self. Wie sy kerk aanraak, raak sý oogappel aan (Sagaria 2:8).

## Gelei deur die Skrif

Wanneer die digter van Psalm 137 die HERE se straf oor Edom afbid (vers 7), laat hy hom daarin lei deur die Woord van God. Die HERE het immers al by monde van Jesaja oor Edom 'n "'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regspraak van Sion" aangekondig (Jesaja 34, Jeremia 49:7-22, Esegieël 25:12-14, Amos 1:11 en Obadja). Dieselfde geld van die vreeslike

woorde teen Babel: “Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!” Hierdie is woorde uit Jesaja 13, waar die HERE sy oordeel oor die wrede Babel aankondig en sê: “En hulle kinders word voor hul oë verpletter” (vers 16).

Kritiek op die Wraakpsalms lei daarom tot kritiek op die God van die Heilige Skrif, wat ’n regspraak met sy vyande het en in die regspraak sy reg sal soek.

Soos in so baie Psalms hoor ons ook in die Wraakpsalms die weerklank van die profete.

Ook die gelowiges van die NT moet hulle laat lei deur die Woord alleen. Dit spreek vanself dat die Heilige Gees gelowiges in die Nuwe Testamentiese bedeling in die Wraakpsalms leer hoë hulle moet bid om God se verbondsstraf: gelei deur die Woord alleen en nie deur persoonlike gevoelens nie.

In hierdie verband moet onder andere verwys word na die boek Openbaring, ’n boek vol van God se verbondsstraf.

Daar is absoluut niks mee verkeerd as gelowiges bid om die vervulling van dit wat in Openbaring verkondig word nie. Trouens, ’n gelowige moet verlang na die vervulling van God se Woord. Ons moet daarvoor bid, want dit gaan om die eer van ons Koning. Die gebed van die bruid om die koms van Christus (22:17) is tog ’n gebed wat die hele kerk vandag moet bid. Dit is sekerlik nie alleen ’n gebed om hulle verlossing nie, maar eweneens ’n gebed om die vervulling van die verbondswraak van Openbaring. Immers, Christus se koms is ’n koms tot verlossing, maar ook tot oordeel.

Wanneer ons bid om die vervulling van God se Woord in Openbaring, bid ons in die gees van Psalm 137. Dan is dit ook ’n wraakgebed en heeltemal in die Gees (met ’n hoofletter) van en gelei deur die Gees van die Wraakpsalms.

Wie Psalm 137 en Jesaja 13 wil bekritisiseer en wil bevraagteken, moet ook die hele Openbaring skrap.

## Die HERE wreek Homself

’n Mens hoor soms van die anti-Wraakpsalmteoloë dat ons as Nuwe Testamentiese gelowiges meer as die gelowiges van die Ou Testament en die skrywers van die Wraakpsalms besef dat die wraak ons nie toekom nie. Die ironie van die saak is egter dat Paulus, wanneer hy in Romeine 12:9 sê dat ons ons nie moet wreek nie, maar dat die wraak aan God toekom, hom vir hierdie uitspraak juis beroep op en aanhaal uit die Ou Testament. Hy sê: ‘Want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here’ – ’n aanhaling uit Deuteronomium 32:35.

Hier kan nog ander voorbeelde uit die Ou Testament genoem word. Dawid wat hom nie op Saul gewreek het nie, die digter van Psalm 137 wat vra dat die HERE die onreg van Edom en Babel sal wreek, soos Hy self beloof het, ensovoorts.

Dit is dus nie net Nuwe Testamenties nie, maar ook deur en deur Ou Testamenties om die wraak aan God oor te laat.

## Nuwe Testamentiese onderstreping

Christus self sinspeel op Psalm 137 in sy woorde aan die huilende vroue van Jerusalem (Lukas 23:28-29). In Openbaring 18:6 roep ’n stem om God se oordeel oor Babel in die styl van Psalm 137.

Psalm 69:24 - ’n Wraakpsalm - word in Romeine 11:9-11 toegepas op die Israeliete wat Christus verwerp. En dan gaan dit nie oor God se oordeel oor hulle *leer of dade* nie, maar oor

God se gerig oor hierdie *mense*.

In Handeling 1:20 word aangehaal uit Psalm 109, nog ’n Wraakpsalm, en vers 8 word toegepas op Judas Iskariot.

Christus en die skrywers van die Nuwe Testament het geleef en aangehaal uit die Wraakpsalms. Hulle het gesien hoe die Wraakpsalms ook in die tyd van die Nuwe Testament van toepassing is en in die tyd van die Nuwe Testament in vervulling gaan.

As teoloë ’n probleem met die Wraakpsalms het, wat sê hulle dan van Galasiërs 1:8-9? Vervloek beteken: oorgegee aan die oordeel of verbondswraak van God. Hier is geen sprake daarvan dat net hulle leer of bese dade aan die oordeel van God oorgegee word nie. Die valse leraars self word oorgegee. Ons moet boonop weet wat Paulus se dryfveer is, wanneer hy sê: Laat hulle ’n vervloeking wees. *Liefde* is sy dryfveer – liefde vir die eer van God en liefde vir sy gemeente. Want hierdie dwaalleraars het met hulle werke-teologie die eer van God te na gekom en die gemeente in ernstige gevaar gebring. Ons moet daarom oppas vir ’n misplaasde liefde, ’n liefde ten koste van God en ten koste van sy duur gekoopte gemeente. Vyandsliefde het niks te make met verloëning van God en ’n groter lojaliteit vir ons vyand as vir Hom en sy volk nie.

Daar is geen spanning tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Dit is nie so dat die Ou Testament ’n God van wraak en die Nuwe Testament ’n God van liefde verkondig nie.

Inteendeel, professor L Floor (1979) het ’n hele boek oor die gerig van God volgens die Nuwe Testament geskryf. Daarin toon hy aan dat die gerig van God ’n deurlopende lyn in die Nuwe Testament is. Oor die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament, die gerig van God in die Ou Testament en die oordeel van God in die Nuwe, skryf hy (Floor, 1979, p. 33): Die prediking van Jesus oor die oordeel sluit nou aan by die van die profete uit die Ou Testament. In die verkondiging van Jesus oor die komende gerig ontdek ons “die geur van die Ou Testament” (C. van der Waal).

Reeds heel aan die begin van die Nuwe Testament laat Johannes die Doper ons Jesus sien as Gerigsvoltrekker: ‘Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand’ (Matteus 3:12).

2 Timoteus 3:16-17 is eweneens op die Wraakpsalms van toepassing. Kragtens hierdie teks is die Wraakpsalms nuttig.

## Die Wraakpsalms en ons belydenis

Ons belydenisskrifte is vol van die oordeel van God en die geweldige erns daarvan.

In die Heidelbergse Kategismus (HK Sondag 4:10) bely ons dat God die sonde nie ongestraf wil laat nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen. Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met ’n regverdige oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Elke Sondag bely ons die Apostoliese Geloofsbelijdenis: ‘Waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel’. Daarby gee ons Kategismus (Sondag 19:52) hierdie verklaring: dat Christus ‘al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp’. Dit is niks minder as voltrekking van die wraak van die Wraakpsalms nie. In die Wraakpsalms gaan dit om die oordeel van Christus oor sy en sy volk se vyande.



Die Kategismus (Sondag 19:52) praat van 'sy en my vyande'. Daarin hoor ons hoe Skriftuurlik die belydenis is. Dit gaan nie oor persoonlike vyande nie, maar oor vyande van my wat ook vyande van my Koning is – presies wat die Wraakpsalms (vergelyk Psalm 139:21-22) leer.

Die tweede bede van die Onse Vader – 'Laat u koninkryk kom' - is ten diepste ook 'n wraakgebed. Daarin bid ons onder andere: Vernietig elke mag wat teen U opstaan (HK Sondag 48:123). Weereens word die mag ook nader gekwalifiseer as die mag 'wat teen U opstaan'. Dit gaan nie om sommer enige vyandige mag nie, maar om 'n deur en deur Godvyandige mag..

Volgens die Kategismus (Sondag 19:52) verwag ons Christus met gespanne verwagting as Regter uit die hemel. Dit is dus nie alleen die siele onder die altaar (Openbaring 6:10) wat daarna verlang nie. Die koms van Christus om te oordeel, is ook deel van die troos waarvan die Kategismus (Sondag 19:52) getuig.

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 37) eindig op dieselfde noot: Die gedagte aan hierdie oordeel is 'vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgd, verdruk en gekwel het.' En ook die NGB laat hoor, net soos die HK, dat ons

hierdie groot dag met sterk verlange verwag om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

## Die Skrywer van die Wraakpsalms

Wíé is die Skrywer van die Wraakpsalms? Hier het ons seker een van die belangrikste vrae in die hele dispuut rondom die Wraakpsalms. Hier skei die weë, want 'n mens kry die indruk dat die anti-Wraakpsalmteoloë meen dat in die Wraakpsalms mense (die gelowiges van die Ou Testament wat nog nie so baie van God se genade en oordeel soos ons geweet het nie) - en nie God nie - aan die woord is.

Die Heilige Skrif (onder andere 2 Timoteus 3:16; 2 Petrus 1:12) leer ons egter: Die Skrywer is God self deur sy Heilige Gees. Hierdie Skrifwoorde spreek ons na in ons belydenis (NGB Artikel 3). In ons Heidelbergse (Sondag 12:31) bely ons dat ons Here Jesus Christus gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar. Dit was Hy reeds onder die Ou Verbond. Daarom moet ons weet dat dit Hy, die Woord van God (Johannes 1), is wat in die Woord van die Psalms aan die woord is.

Wie probleme met die Wraakpsalms het, moet hom teenoor die Skrywer verantwoord. Wie probleme met die Wraakpsalms het en beweer dat die Wraakpsalms in stryd is met die liefdesgebod van die Nuwe Testament, moet reguit en eerlik sê: Christus weerspreek Homself en Hy sê teenstrydige dinge. Of mense wat beweer dat die Ou en Nuwe Testament in teenspraak met mekaar is, moet reguit sê: In die Ou Testament is Christus nie aan die woord nie, die Ou Testament is maar net 'n mensewoord.

## FOKUS

# STYGENDE RENTE

Dr CW Opperman, Windhoek

**Wie is eintlik die getroue en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy ander slawe sal aanstel om hulle op tyd hulle kos te gee? Dit is die man vir wie sy eienaar, by sy tuiskoms, so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! (Lukas 12:42-43).**

In die *Deo Gloria* nuusbrieff (Jaargang 3, Nommer 19, 14 Junie 2002) lewer dr Callie Opperman kommentaar op die voortdurend stygende rentekoerse. Sedert Junie het die rentekoerse andermaal met 'n persentasiepunt gestyg. Die oproep van dr Opperman is van wesenlike belang.

## Bank verhoog prima koers

Maarten Mittner in *Beeld* op Internet 13/06/2002

Eerste Nasionale Bank (ENB) was Donderdagaand die eerste handelsbank wat sy prima oortrekkingskoers met 1 persentasiepunt opgestoot het in reaksie op die Suid-Afrikaanse Reserwebank se aangekondigde verhoging van 1 persentasiepunt in die repokoers vroeër die dag...

Verbruikers sal hulle in die komende maande moet staal vir groter uitgawes aan oortrokke rekenings, huisverbande en persoonlike lenings. Ekonome is optimisties dat dit die laaste verhoging van die jaar sal wees, maar is dit eens dat rentekoersverlagings op die vroegste eers in die eerste helfte van aanstaande jaar verwag kan word...

Die prima oortrekkingskoers is tans 16% nadat dit begin vanjaar 13% beloop het. 'n Verbruiker met 'n huisverband van R200000

wat oor 20 jaar terugbetaalbaar is, moet ná Donderdag se verhoging R148 meer per maand op sy huisverband opdok.

## Deo Gloria perspektief

Sonder geld sal 'n mens nie deur die lewe kom nie. Daar is ook maar min mense wat nie een of ander tyd 'n lening moet aangaan nie. Daarom is die op- of afgaan van die banke se rentekoerse iets wat elke huishouding raak. By sommige veroorsaak dit krisis, omdat lae rentes min inkomste uit beleggings gee. Vir andere weer omdat dit sukkel om kop bo water te hou wanneer rentes hoog word.

Die aankondiging van SA se verhoging van 1% in die repokoers sal egter net vir 'n klein tydjie mense versigtiger laat koop. Ons het slaafse navolgers van die mode, die advertensiewese en die omgewing geword. Die meeste aankope word nie gedoen omdat 'n mens iets nodig het nie, maar omdat jy dit graag wil hê. So dompel jy jouself onnodig in skuld. Voordat jy die maand begin is al die geld weer op skuld afbetaal.

*Deo Gloria* moedig elke leser aan om self rentmeesterskap te aanvaar oor sy/haar geldsake. Die Gewer van alle dinge vra verantwoordelikheid in ons hantering van materiële dinge. Stel so 'n voorbeeld dat rentekoersverhogings jou nie kelder nie.

# Skrifbeskouingskrisis

Ds HLJ Momberg, Pretoria

**Skrifkritiek verteenwoordig die diepste wortel van die krisis van die kerke in ons land, maar ook wêreldwyd. Aan die een kant benader 'n mens dit met groot huiwering en benoudheid, omdat ons weet dat ons hier te doen het met waarskynlik die mees venynige, die mees meedoënlose, die allerwreedste, die mees subtiele, en tegelyk die gevaarlikste wapen van die antichris nog deur al die eeue heen. Daarom juis die huiwering, omdat ons besef dat dit nie moontlik is om die probleem binne die ruimte van die volgende paar pennestrepe finaal vas te vang nie. Dit is dus met reserwes dat ons soek na die mees geskikte woorde wat vir die minste misverstand vatbaar sal wees, en tegelyk die dieptemotief van die dwaling op sy helderste sal blootlê. Aan die ander kant is die aanwysing hiervan die roeping wat van ons dapperheid en gehoorsaamheid vra.**

In 'n sekere sin het die apostel Paulus onder inspirasie van die Gees die aantasting van God se Woord raakgesien as die mees kerkvernietigende aanslag van die antichris. Dit dien as die finale offensief teen die kerk en as hoogtepunt van die afval voordat die persoon van die antichris self geopenbaar sal word en die Here Jesus as Regter sal verskyn om lewende en dode te oordeel. Ons praat van die gees van die dwaling, die gees van die leuen wat die kerkvolk verlei.

## Paulus versus die Skrifkritiek

Wanneer Paulus hieroor in sy tweede brief aan die Tessalonisense (hoofstuk 2) skrywe, lees ons nog daarby dat die Here self aan hierdie gees van leuenagtigheid krag sal gee om te opereer, alles om die afval te versnel en sy koms en oordeel te finaliseer.

As ons met die volle Bybelse openbaring in ons hande werk, tref dit hoedat in die ontvouing van die heilsgeskiedenis twee nie-gelyke koninkryke hulle gang en verbreiding deur die eeue uitwerk. Die almagiskoninkryk van God wat onoorwinlik is, maar ook die rebellekoninkryk van die Satan wat tot niet gemaak sal word. Die moederbelofte van Genesis 3:15, met sy vyandskap tussen die vrou en die slang, loop sy ontwikkelingsgang deur die geskiedenis van die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die finale ontknoping word bereik wanneer die Here Jesus op die jongste dag sy verskyning maak en Hy die seun van die verderf met die asem van sy mond sal verdelg. Maar om tot daar te kom, weet ons dat die gees van die leuen sy worstelgang moet hê, en moet kom tot volle ontwikkeling naas die ware kerk – die kerk wat uit alle volke saamgeroep word in die eenheid van die ware geloof, met die suiwer woordverkondiging, versterk word deur die suiwer bediening van die sakramente en onderhou word deur die suiwer bediening van die Christelike dissipline. En hiernaas, maar jammerlik ook tussenin, sal die hipokriete en kerkvervalers hulle bloedspeer trap om die kosbare kerk van die Here Jesus af te breek, te besmet, te vervals en te deformeer. In 2 Tessalonisense 2 leer ons dat die anitichris dit deur die gees van die leuen sal doen deur mense daartoe te dryf om die waarheid van God se Woord nie te glo nie (vers 12).

## Skrifkritiek – oersonde

Dit is enigsins belangrik om te sien dat die Satan nog nooit met iets nuuts vorendag kon kom nie – iets anders as waarmee hy reeds sy kerkverwoestende werk in die tuin van Eden begin het. Hy het naamlik die Woord van God as belaglik voorgestel, die motiewe van God verdag gemaak, en daarmee die grootste

krisis van alle krisisse ontketen. Hy het op sy verdagte wyse vir die mens 'n regverdiging in die kop gepraat om te doen wat hulleself kwansuis goddelik sou kon maak. So het hy die naam gekry waarmee die Here Jesus hom benoem het: Die vader van die leuen en die mensemoordenaar van die begin af. Hierdie eerste bevrugting met die saad van die sonde is die grondorsaak en eerste voorbeeld van die krisis van die Skrifbeskouing, en dien as bepalende faktor vir die verval van die kerk. Die krisis van die Skrifbeskouing verteenwoordig die bepalende faktor om die vraag van Jesus te beantwoord: Sal die Seun van die mens, as Hy kom, wel geloof op die aarde vind (Lukas 18:8)? Nog anders gesê: Die krisis van die Skrifbeskouing is die bepalende faktor of ons waarlik kan bid, waarlik kan glo, en waarlik God kan behaag (Hebreërs 11:6).

Ons weet dat ons nie nou vir die eerste keer met hierdie krisis te doen het nie. Ons Reformatoriese vaders, wat veral onder die aanslag van die Roomse kerk aan die een kant en die Doperse beweging aan die ander kant gebuk gegaan het, het met verbysterende insig en wysheid die wortel van die kwaad in die Skrifbeskouing herken. Daarom het ons so 'n merkwaardig duidelike belydenis oor die plek, die omvang, die helderheid, die genoegsaamheid en die gesag van die Skrif. Ons weet ook dat die reformatore self nie vir die eerste keer hieroor na gedink het nie. In die eerste eeue van die Nuwe Testamentiese kerk het ons reeds met ketters soos Marcion en Arius, Montanis en Pelagius te doen gehad – ook met die Gnostieke dwalings wat veral in die Koptiese kerke naas die Bybel allerlei valse geskrifte (*Nag Hammadi*) as aanvulling en kontrole vir die Bybel gebruik het. Ons reformatoriese vaders kon dus vrymoedig uit die harde stryd in die eerste eeue van die Nuwe Testamentiese Kerke leer en van die resultate daarvan gebruik maak. Hulle het bykans *verbatim* oorgeneem wat in die jare 393 en 397 by die konsilies van Hippo-Regius en Karthago oor die Bybel besluit is. So is dit vandag grootliks verwoord in die NGB artikels 2 tot 7.

Die krisis van die Skrifbeskouing openbaar homself altyd in een en dieselfde grondmotief, en kom hoofsaaklik op twee maniere na vore.

Laat ons eers oor die grondmotief praat. Verstommend is dit dat die Nederlandse Geloofsbelydenis op verskillende plekke hierdie grondmotief vir ons uitspel (kursivering HLJM).

### **Artikel 29: Die kenmerke van die ware en die valse kerk**

*Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie,*



maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf. Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

### **Artikel 30: Die regering van die kerk**

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee (1 Timoteus 3).

### **Artikel 32: Die orde en die tug van die kerk**

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

Dit kan in enkele punte opgesom word. Die grondmotief betreffende 'n verdraaide Skrifbeskouing om die kerk te vernietig kom na vore:

- Waar mense aan hulleself en hulle besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van die Here.
- Waar mense hulle nie aan die juk wat Christus ons opgelê het, wil onderwerp nie.
- Wanneer hulle die sakramente nie bedien soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar na eie goeddunke daarvan wegneem en daaraan toevoeg.
- Wanneer hulle meer op mense (leiers/konsilies/tradisies) vertrou as op Christus.
- Wanneer hulle diegene wat heilig volgens God se Woord wil lewe en daarom die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf, vervolg.
- Wanneer hulle die geestelike bestuurswyse van die kerk wat ons Here ons in sy Woord geleer het, vervang met ander bestuurswyses.
- Wanneer hulle in hulle doen en late afwyk van wat Christus ons enigste Leermeester vir ons ingestel het.
- Wanneer hulle menslike uitdinksels en wette van mense wil invoer om God te dien en om, op watter manier ookal, die gewetens daardeur te bind en te dwing.

Hierdie is die herkenningstekens van die motiewe wat verborge lê agter die Skrifkritiek. In plaas van met gehoorsaamheid na die Skrif te gaan en oop-ontvanklik te vra: Wat wil U hê, Here, moet ek doen - word dit omgedraai: Ek wil graag iets doen, ek

het my agenda, en hoe kan ek die Woord manipuleer om by my eie wil aan te pas en dit te regverdig?

Dit is insiggewend dat altyd weer hierdie selfde grondmotief op verskillende maniere in afwykende standpunte na vore kom. Dit is uit die Skrif self aan ons gegee, en deur die kerkgeskiedenis by al die ontwikkelings van dwaalleringe uitgewys as 'n onfeilbare kenteken van die skrifkritiek: Die vertrekpunt van argumentasie is (pro of kontra) ons menslike kontekste. Dan vind die denkers dit moeilik om hulle waarneming van die menslike kontekste te rym met die Woord van God. Uiteindelik ontwikkel hulle uit die Skrif een of ander humanitêre teologiese denksisteem wat (hetsy om te handhaaf, hetsy om te verander) niks anders is as 'n refleksie van hulle eie aspirasies nie.

Ons herken dit in die bevrydingsteologieë, in die feministiese teologie, in die sosiaal-vernuwings-teologie, in die fundamentalistiese teologie, in die volksteologie; ook in die radikalisering van al die skeeftrekkings soos deur die eeue verteenwoordig in ketterye, oa die Montanisme, Arianisme, Marcionisme, Pelagianisme, Donatisme, Armenianisme, Deïsme, Metodisme. Selfs in die moderne strewes van globalisme een anti-globalisme.

### **Twee werkwyses**

Hierdie grondmotief kom na vore in hoofsaaklik twee werkwyses

#### **Blatante Skrifkritiek**

Mense publiseer en verklaar openlik dat hulle die Bybel as 'n bundel fragmente, geskryf deur mense beskou. Die inspirasie of ook die openbaring is 'n uitgediende ideologie van vroeër wat afgewys word. Die Bybel is dus nie die Woord van God nie, maar mense se nadenke en opgetekende oorgelewerde godsdiensstige belewenisse van mense. Vir hulle is die Bybel maar een van baie ander bronne wat betwyfelbaar en korrigeerbaar deur ander bronne is. Dit beskryf die godsdiensverskynsel onder die mense van die antieke tyd, en is as sulks geensins normatief vir die godsdiensverskynsel vir vandag nie. Dit kom daarby dat die godsbegrip gesien word as 'n blote menslike refleksie. Jou god is die een wat jy in jou denke vir jouself ontwerp het. Vir hulle bestaan daar nie so iets soos die Wonderbare Wese wat ons in artikel 1 NGB erken en bely nie. Daarom is die Bybel ook geen gesagvolle en normatiewe bron vir ons godsdiens nie. Die krisis is dat mense wat so dink en redeneer hulleself gerieflik binne die gereformeerde kerklike huishouding tuismaak, maar intussen alles wat gereformeerd is bevuil. Die Judas-brief beskryf hierdie mense uitmuntend. Veilig geknus binne die ekonomiese en sosiale voordele van die gereformeerde huishouding, vergiftig hulle dieselfde huishouding, sonder dat hulle eerlik te kenne gee dat hulle wesentlik goddeloos is. Waar dit enigsins nog geduld word dat hierdie mense steeds leiding aan die kerkvolk gee, geld die uitspraak van die Here Jesus oor die Fariseërs: hulle is blindes wat blindes lei totdat almal in die afgrond val. Hierdie enorme graad van afval mag eenvoudig nie verder in die kerk van die Here Jesus geduld word nie.

#### **Subtiele skrifkritiek**

Hierdie is beslis die gevaarliker kant van die skrifkritiek. Onder dié groepering sien ons mense wat steeds die Skrif as Woord van God beskou, wat steeds die Bybel as belangrike gesagsbron van ons godsdiens aanvaar, wat die drie-enige God as die ware God bely. En tog word hulle deur een of ander saak wat hulle

deur hulle ontleding van menslike kontekste verkry het, aangedryf. Daarby gebruik hulle alle denkbare argumente (vanuit die Skrif - teen die Skrif) om hulle aspirasies bewys te kry dat hulle passiewolle saak wel deur die Bybel geregverdig word. Dit is so subtiel soos die duiwel dit eens vir Jesus gesê het: As u die Seun van God is, spring van die tempeldak af, want daar staan geskryf: Hy sal sy engele aangaande u bevel gee, en hulle sal u op die hande dra sodat u nie u voet teen 'n klip sal stamp nie. Satan het 'n saak vanuit die Skrif probeer uitmaak om iets te bewerk wat juis in stryd met die Skrif is.

Bekende temas wat tekens van subtiële Skrifkrietiek toon, is:

- die vertaling van die Bybel
- die gebruike van die sakramente
- die manier van kerkregering
- die plek van die vrou en die kind in die kerk en die samelewing
- die plek van homoseksuele in die kerk en die samelewing
- die huwelik en die gesin met die uitlewing van seksualiteit
- 'n verskeidenheid van mediese aangeleenthede soos eutanasie, kunsmatige bevrugting en abortsie
- gesagsverhoudinge, opleiding en onderwys
- die vraagstuk van die evolusionisme, God se beheer oor die skepping
- allerlei politieke teologieë
- allerlei kontekstuele teologieë (soos in 'n algemene genade of andersins 'n volksheil strewe na vore kom)
- die fundamentalistiese teologie wat die letter van die teks uit sy Bybelse historiese konteks neem en as orakelboek vir vandag misbruik.

Argumente wat dikwels gebruik word om afwykende standpunte (in stryd met die gesonde leer van 1 Timoteus 6) te regverdig, is onder andere:

- Dat 'n sekere Bybelse uitspraak *ad hoc* bedoel is – net vir die Efesiërs onder hulle spesifieke omstandighede, terwyl die openbaring van die hele Skrif hierby saam nie verreken word nie.
- Dat ons vir die verklaring van 'n saak alle relevante gegewens uitsluitlik vanuit 'n interpretasiesentrum (soos 'n *locus classicus*, of die liefdesbeginsel) van besondere eie keuse moet beoordeel terwyl die hele openbaring soos 'n legkaart voor ons lê met elke onderdeel se besondere plek in die geheel.
- Dat met argumente van tydgebondenheid/kulturgebondenheid teen die uitspraak van die Skrif geargumenteer word.
- Dat argumente/beskuldigings teen die bekwaamheid van sekere bybelskrywers ingebring word. (Esegiël was 'n skisofreen, Paulus was 'n chauvinis, Jesus was 'n homoseksueel).
- Die argumente teen antieke sosiale strukture (patriargale huishoudings, slawerny, bloedvergieting en oorlogvoering, klassesistels), maak bybelse uitsprake ongeldig vir vandag.
- Dat argumente van teenstrydige skrifgedeeltes misbruik word om die geldigheid daarvan te bevrage.
- Dat argumente gebruik word wat die Skrif in verbandlose stukke wil verskeur.
- Dat met die argument van die menslike feilbaarheid geargumenteer word om die gesag van dinge wat met goeie logiese gevolge uit die Skrif afgelei en verkondig is te ontstryd, maar tog dan weer ook menslike uitdinksels te regverdig op grond van die afwesigheid van uitsprake in die Bybel daarvoor.

- Dat van buite-Bybelse bronne gebruik gemaak word om binne-Bybelse gegewens te verklaar/kritiseer/veto.
- Dat die Bybelse uitsprake as blote riglyne en beginsels beskou word wat ons maar met eie verantwoordelikheid moet gaan toepas.
- Dat die kontekstuele (sosio-kulturele-maatskaplike-politieke) ontstaan van die Skrif rede gee waarom ons in nuwe kontekste opnuut toepassings te maak.
- Dat die historiese realiteit van die ware God se ware interaksie met werklike mense, opgeteken in historiese literatuur, afgekam word met argumente dat daardie beskrywings eintlik oermites is, eposse, simboletaal wat op die wêreldbeeld van destyds gegrond is. Dit is nie belangrik dat God werklik met die mense gehandel het soos dit daar staan nie, maar dat ons ons slegs tot die 'boodskap' van 'n betrokke beskrywing moet beperk.
- Materialistiese of ook kontekstuele argumente (gierigheid) word uit die letter van 'n teks misbruik sonder om die heilshistoriese doel van God se openbaring te verreken. Byvoorbeeld: dat God dit sou hê oor 'n algemene menslike heil (filantropie), of aan die ander kant oor die heil van slegs spesifieke tipe mense (volk, bloed, bodem).

Ons kan saamvat. Enige argumente wat die Skrif teen die Skrif gebruik en impliseer dat God nie gesê het (of bedoel het) wat Hy laat opteken het nie. Dat God of sy Woord, blatant of subtiel, nie ernstig geneem word nie. Dat die mens God se integriteit bevrage. Sonde teen die tweede gebod.

Hierteenoor is daar die pertinente bedoeling by die ware kerk wat die slagspreuk van *Sola Sacra Scriptura* handhaaf, om te aanvaar dat die een Heilige Gees deur gebruikmaking van verskeidenheid natuurlike en bonatuurlike prosesse, verskillende mense uit verskillende agtergronde gedryf en geïnspireer het, om sy openbaring in verskillende verkondigingswyses op skrif vas te lê en vir ons en die gelowiges van alle eeue te bewaar, dat ons geloof daarvolgens gerig en geskik en ons geloofsgehoorsaamheid daarvolgens vasgestel sal word.

## Oorsaak en gevolg

Wat is nou die krisis wat hierdie skrifbeskouing veroorsaak? Die krisis is dat hierdie (ver)leiding die kerk vergiftig en vervals. Dit benewel die kerkvolk se nugtere oordeelsvermoë om waar en vals te onderskei. Die krisis is dat waar met blatante miskennings van die Woord van God, ook die God van sy Woord misken word. Leiding binne die diens van die drie-enige God word geakkomodeer, dinge word geleer en verkondig waarvan ons reeds bely dat diesulkes ewig verlore sal gaan (Atanasius). Die waarheid is egter dat die begrip wat ons van God vorm, nie 'n saak is van ons eie soekende menslike uitpinsel oor een of ander vreemde buiteruimtelike veraf Wese, waarvan ons 'n klein glimpsie kry deur die loergaetje van die Bybel saam met baie ander nie; nee, maar dit is 'n verbondsmatige bekendmaking van Hom wat sê: Ek is die HERE jou God!

Dan is daar verder die dwaalleer van die subtiële skrifkrietiek. Dit verwar mense se denke en dryf hulle tot ongelooft. Dit is lankal nie meer gewoon net 'n saak van verskillende geldige eksegetiese konklusies nie (soos wat dit dikwels beweerd word nie), maar dit word 'n saak tussen geloof en ongelooft. Lidmate is verward om te bepaal wat hoort nog in waarheid en liefde saam, en van watter soort liefdes ons om die waarheid se onthulwe eerder afskeid moet neem. Die krisis is dat hierdie sake al op verskillende maniere tevore aangewys is. Maar met

meedoënlose hardkoppigheid en nederige hoogmoed rol die sneeubal van eiesinnigheid voort, en is besig om te versnel. Dit is helaas nie meer menslik moontlik om dit in sy gang te keer of elders heen te bestuur nie. Hierdie mense is - soos die berymde Psalm 1 dit verwoord: 'onkeerbaar in hulle spoed, loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet'.

Dit is noodsaaklik dat ons die weg moet vind om saam met ons medebroeders en -susters in die huishouding van God weer terug te keer na ons Bron toe, soos ons dit bely in die NGB artikel 1 tot 7, met die gewetensvraag daarby of ons gehoorsaam is om dit ook met dapperheid te bevestig wat van ons gevra word: Ware kerklike en persoonlike reformasie!

## MEDIESE ETIEK

# 'n Weg tot die lewe

Prof JM Boon, Pretoria

**Die Heidelbergse Kategismus leer ons in Sondag 41 aangaande die sewende gebod: 'Jy mag nie egbreek pleeg nie'. 'n Gebod vir jonk en oud, vir getroud sowel as ongetroud. 'n Gebod wat verreikende implikasies in die gesondheidsorg het. 'n Goeie gebod wat die lewe beskerm. Ja, God wil die lewe van sy kinders beskerm deur hierdie gebod sodat ons God kan dien: as kinders, as pa's, as ma's en gesinne in sy koninkryk.**

Daarom vra die Here rein en gedissiplineerde lewens binne en buite die huwelik.

Want God se sewende Woord 'is die lewe vir die wat hulle vind en 'n genesing vir hulle hele liggaam' (Spreuke 4: 22). Eintlik moet 'n mens die hele Spreuke 5 daarmee saam lees. Die Heilige Gees waarsku by herhaling uitdruklik teen die oortreding van die sewende gebod: 'op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp. Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe' (Spreuke 5:4,5). Wysheid van die Heilige Gees wat vir die gesondheidsorg belangrike uitgangspunte vaslê.

Ook die nuwe Testament is nie stil oor seksualiteit nie. Lees maar 1 Tessalonisense 4:1-12. Dit is God se wysheid dat seksuele onkuisheid vermy moet word. Dit beskerm die lewe vir baie mediese probleme. Die Heilige Gees beskerm ons deur hierdie goeie gebod teen HIV, molestering, seksueel verwante siektes soos infertiliteit as gevolg van infektiewe beskadiging van die eierstokke – die primêre rede vir infertiliteit in Suid Afrika.

Die Gees hou aan ons die gesonde christelike lewe voor. Ons behoort nie aan onself nie, maar ons behoort met liggaam en siel aan Christus, ons Here en Verlosser. Ons het ook sy gebod om ons lewe te rig ook ten opsigte van seksualiteit. Ons vriende, tydskrifte en naweekkultuur van plesier mag nie rigtinggewend wees nie.

God se gebod oor seksualiteit is liefde en reinheid in die huwelik en buite die huwelik. Die feit dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is (1 Korintiërs 6:18-20), is ook rigtinggewend in die gesondheidsorg. Dit is normatief in ons praat oor seksualiteit, in die bekamping van HIV, in die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes en in die hantering van allerlei vorme van molestering. Wie hierdie koningswoord buite rekening laat, bied geen langtermyn oplossing vir die probleem nie en is besig met kwaksalwery.

As gevolg van die verlating van hierdie gebod sien ons seksuele perversiteit om ons. Verskeie sogenaamde alternatiewe verhoudings, molestering, seksuele omgang voor die huwelik en binne die huwelik met ander as die huweliksgenoot. Ons sien jongmense met verskeie seksuele ervarings voor die huwelik en saamwoonpraktyke. Ons sien gesinne sonder pa's. Ons sien 'n piekindsensie van sterftes in ons land in die ouderdomsgroep van 25-35 jaar as gevolg van Vigs. Ons sien 'n enorme toename in die doen van aborsies sedert die wetgewing van die land dit toegestaan het. Agterstraataborsies is ook nog aan

die orde van die dag. Ongewenste swangerskappe is 'n term wat in ons algemene omgangstaal gebruiklik geword het. Plakkate verkoop die arm boodskap van kondome en veilige seks. TV-programme vorm die platform van die nuwe kultuur. Die sogenaamde onskuldige sepië verslaan sy duisende ook onder kerkmense, selfs gereformeerde kerkmense. 'n Lewe met die oortreding van die sewende gebod as die nuwe norm. Want die norm word vervang met 'n ander norm, 'n lewensbedreigende norm.

'n HIV positiewe pasiënt vertel my onlangs dat die *townships* korrup is van seksuele praktyke buite God se norm. 'n Obsessie met seks is aan die orde van die dag. Trouens, dit verskil in geen mate van ander woonbuurtes in ons land nie. Die sigbaarheid is in die *townships* miskien bietjie meer as elders. Dink maar aan die tipe grappe wat gemaak word. Die sonde teen die sewende gebod het die samelewing van binne uit so geïnfekteer dat die goeie gebod van die Here steeds minder sigbaar word. Vryheid word los van God se gebod gereken.

Ons lewe is alleen vry as ons die gebod van die Here gehoorsaam. Ons ken die vryheidsspreuke van ons tyd: '*Freedom now! Freedom of choices, of rights and also of sex!*' Die moderne westerse filosowe en selfs teoloë sing lustig saam. Maar waar eindig hierdie 'vryheid'?

Onlangs behandel ek 'n 28-jarige vrou in die terminale fase van Vigs. Sy was sterwend. Haar familie het haar by die hospitaal kom aflaai om te sterf. En met nadere navraag was dit duidelik dat haar lewe gekenmerk is deur seksuele normloosheid. Was dit waar die 'vryheid' haar gebring het?

'n Paar weke gelede sien ek 'n jong vrou in die hospitaal met Vigs in 'n vroeë stadium. Sy het steeds haar werk gedoen alhoewel sy gouer moeg geword het. Na haar diagnose het sy haar tot die Here bekeer en soek sy die Here nou met haar hele hart. Sy werk onder haar leeftydgenote en mense in die omgewing om hulle te vertel van die enigste vryheid. Ja, sy het 'n *beter vryheid* gevind, 'n volhoubare vryheid en een wat nie beskaam nie. Vryheid in die Here Jesus Christus. Vryheid weens die vergewing van sondes en 'n lewe in gehoorsaamheid aan die Here. 'n Vryheid wat Josef ook geken het toe hy as jong man onder groot druk en versoeking aan Potifar se vrou gesê het: 'Hoe kan ek hierdie groot kwaad doen en sondig teen God? (Genesis 39:9)'.

As die gesondheidsorg die deur oopmaak buite die wet van God en nie standpunt inneem teen seksuele losbandigheid nie, versak sy haar primêre geneeskundige taak. Sonder God



se wet is die voorkoming en behandeling van verskeie probleme in die gesondheidsorg nutteloos, 'n gejaag na wind. Want God se wet is baie duidelik oor die implikasies daarvan in die lewe van elke dag, ook in die gesondheidsorg: 'Bind die

gebod gedurigdeur op jou hart, hang dit om jou hals, mag dit jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word... 'n weg tot die lewe' (Spreek 6:21-23).

# VORENTOE!

Redaksie

**Op Maandag 19 Augustus het 'n kosbare gesprek tussen die breë dagbestuur (BDB) van die kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom en lede van die Vereniging van Gereformeerde Lewenswandel (VGL) plaasgevind. Die VGL is die uitgewers van *Waarheid en Dwaling*.**

Die aanleiding tot die gesprek was die jaarvergadering wat die VGL gedurende Oktober 2001 belê het met as tema die Teologiese opleiding in die Gereformeerde Kerke. In opvolg van die vergadering is die verskillende referate wat gelewer is in *Waarheid en Dwaling* gepubliseer. Die betrokke uitgawe van *Waarheid en Dwaling* is tesame met 'n dekbrief aan alle kerkrade in die GKSA versend met 'n oproep om ooreenkomstig die inhoud van die referate die kerklike weg te bewandel.

Die bestuur van die VGL het verder onderneem om die TSP oor die aangeleentheid te spreek, veral insake bekommernisse wat in die harte van die lede van die VGL leef.

Op sy beurt het die kuratore besluit om met die VGL in gesprek te tree oor die inhoud van die referate wat gelewer is, en die wyse waarop dit aan kerkrade versprei is.

Na afloop van die samesprekings is besluit om 'n gesamentlike verklaring uit te reik, wat soos volg lui:

- Die vergadering kom ooreen oor die goeie bedoelinge van die VGL om in die amp van die gelowige te besin oor sake wat die kerklike lewe ten nouste raak en om in sake soos Teologiese opleiding die kerklike hantering te dien.
- Die vergadering spreek sy spyt uit dat die betrokke seminar van 13 Oktober 2001 plaasgevind het sonder dat die Kuratorium en die TSP formeel uitgenooi is en alle moontlike inligting ingewin is. Sodoende kon 'n foutiewe indruk gewek word dat 'n mate van verwydering tussen die kerklike gemeenskap en die TSP en Kuratorium bestaan.
- Uitgaande van die beginsel van Artikel 30 Kerkorde (Kerklike sake op kerklike wyse) spreek die vergadering sy spyt uit dat oor spesifieke sake, in opvolging van die seminar, nie in terme van Artikel 30 Kerkorde gehandel is nie. Die beginsel van Artikel 30 Kerkorde is nie suiwer toegepas deur die skrywe van die VGL aan alle kerkrade nie.
- Die VGL onderneem om in die toekoms alleen gekontroleerde feite oor die TSP, Kuratorium en relevante sake te publiseer.

- Die BDB verseker die VGL dat die Kuratorium alles in hulle vermoë doen om hulle opdrag tot eer van God en in belang van die Kerke uit te voer, en vra die voorbidding en betrokkenheid van die hele kerkgemeenskap.

Wat die pad vorentoe betref, is daar ooreenstemming ten opsigte van die volgende:

- Die beginsel van Artikel 30 Kerkorde en ander tersaaklike artikels van die Kerkorde.
- Gereëde kommunikasie tussen die TSP en Kuratorium aan die een kant en die Kerke aan die ander kant oor alle sake wat vir die Kerke van belang mag wees.
- Begrip vir die sensitiewe situasie waarmee die Kuratorium en die kerklike gemeenskap in die breë te doen het, veral met betrekking tot die verhouding met die staat, soos dit die teologiese opleiding raak. Die vergadering erken dat daar tans nog benutbare geleenthede binne die huidige raamwerk van die ooreenkoms tussen die PU vir CHO en die GKSA bestaan. Die vergadering stem saam dat indien die beginsel van eie kerklike opleiding in gedrang kom vanweë die staatsbetrokkenheid by opleiding, die kerke verantwoordelikheid sal moet aanvaar om op 'n volledig onafhanklike wyse uitvoering te gee aan die Bybelse waarheid van 2 Timoteüs 2:2, wat kerkregtelik in Artikel 18 Kerkorde gereël word.

Dit is werklik verblydend dat daar op so 'n manier konstruktief en opbouend saam gepraat kon word. Oor die kerkregtelike posisie van die VGL in terme van Artikel 30 Kerkorde sal daar uiteraard nog dieper en verder besin moet word. Wat van kernbelang is, is dat die suiwer voortgang van die TSP in die lidmate van die GKSA brandende sal wees. Die skool staan in die spervuur. Die eis van 2 Timoteus 2:2 - 'wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer' - plaas die kerke voor 'n enorme verantwoordelikheid. 'n Eie, selfstandige teologiese opleiding is geen luukse voorreg nie, maar 'n dure plig.

## 'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK

Daar word mild vir die biblioteek gegee. Die saldo in die bankrekening bedra tans omtrent R11,100. Tjeks kan geskryf word ten name van die Vereniging vir Gereformeerde Literatuur en aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling* gestuur word. Vir wie regstreeks gifte in die rekening wil oorplaas, volg die gegewens hieronder.

Stigting vir Gereformeerde Literatuur  
ABSA Ben Swartstraat Tak  
Wonderboom-Suid, Pretoria  
Takkode: 334 645  
Rekening nommer: 9073 902 771.